## Die Soutoptog

Om Indië van Britse oorheersing te help bevry, het Gandhi 'n protesoptog teen die Britse soutbelasting gereël. Die soutbelasting het dit vir almal onwettig gemaak om sout te koop of te verkoop, of om hul eie sout van die kus te kry. Mense is gedwing om hul sout by die Britte te koop. Op 12 Maart 1930 het Gandhi en 78 ander mans met 'n optog na die kus begin. Dit het 23 dae geduur. Gandhi het by elke dorpie waar hulle aangedoen het, met die mense gepraat. Meer en meer mense het by sy optog aangesluit. Toe hulle by die kus kom, het Gandhi 'n klein klontjie sout opgetel. Hierdeur het hy die wet oortree. Net daarna het al die ander mense in die optog sy voorbeeld begin volg en ook sout opgetel. Gandhi en duisende ander Indiërs is in die tronk gesit omdat hulle die soutwette oortree het.



Gandhi het die 1930-soutmars gelei.

## Ⓟ Aktiwiteit

1. Lees die uittreksel uit Mandela se toespraak nog 'n keer (op bl. 120).
2. Lees nou hierdie aanhaling van Gandhi.
   *"Ek is bereid om te sterf, maar daar is geen saak waarvoor ek bereid is om dood te maak nie."*
3. Mandela en Gandhi het albei gesê hulle sal hul lewens vir ander opoffer. Verduidelik hoe hulle denke ooreengestem het.
4. Maak 'n lys van ander ooreenkomste tussen die twee mans. Dink aan minstens twee.